

God se liefde moet nie op die verkeerde plek gesoek word nie

Die Israeliete het ná die ballingskap voorspoed en volkome herstel verwag, maar die werklikheid het ontnugtering gebring. Hulle was na baie jare steeds nie volkome vry nie, maar onder 'n goewerneur van die Persiese koning (1:8). Droogtes, sprinkane en siektes het hulle oeste laat misluk (3:10-12). Daar was siektes en afwykings onder die vee (1:13, 14). Hulle het gereken as God hulle liefgehad het, moes dit beter gegaan het. As die Here daarom sê (letterlik vertaal) – Ek het julle liefgehad en het julle steeds lief (1:2a), vra hulle: Waarin het U ons liefgehad? Hulle sien die liefde nie.

Hierop antwoord die Here hulle deur Maleagi dat hulle sy liefde op die regte plek moet soek. Hulle moes sy liefde nie in uiterlike omstandighede soek nie, maar in die verkiesing van sy volk. As hulle na Edom kyk, sal hulle dit raaksien. Die Here het met Israel anders as met Edom gehandel. Israel was vanweë hulle sonde niks beter as Edom nie, maar Israel het teruggekeer uit ballingskap. Edom se stede en land wat vernietig is, sou vernietig bly. Dit sou weer 'n wildernis word (1:3) en die Here se toorn sou ewig daarop rus (1:4). Die Here het met Israel anders gehandel as met Edom. En die verskil is geleë in God se verkiesing van Israel. God het Israel liefgehad, maar Esau gehaat (1:2, 3), al was hulle broervolke. Die verworpe Esau en sy nakomelinge is die swart agtergrond waarteen Israel die skitterende juweel van God se verkiesende liefde vir hulle kon sien. Dit is weens God se liefde dat sy toorn nie ook ewig op Israel gerus het soos op Edom nie, en hulle nie ewig verteer is nie (3:6).

Waarin het God ons lief? Die vraag word dikwels steeds in knellende droogtes, rampe, ekonomiese krisis, en toename van misdaad en geweld gevra. Dit word gevra as ongeluk, siekte of dood van geliefdes persoonlike lewens tref. Maleagi 1 antwoord op hierdie vraag dat ons God se liefde nie op verkeerde plekke moet soek nie. Ons moet dit nie in uiterlike voorspoed soek en dan ontnugter wees en moedeloos raak as teëspoed tref nie. God se liefde is te sien in sy verkiesing van sy kinders. Dit is te sien in Jesus Christus wat op Golgota gesterf het, sodat ons wat deur die Heilige Gees in Hom glo, nie ewig verlore gaan nie, maar gered word. Ons wat glo, verdien niks beter as dié wat verlore gaan nie, dit is slegs God se verkiesende liefde wat ons red (Rom 9:13).

Sing: Skrifberyming 14-2